Junie 2024

EUROPESE KERSFEESTOER
18 – 28 DESEMBER 2024
TOERPROGRAM

DESEMBER

Wo 18 JOHANNESBURG – FRANKFURT

Ons ontmoet om **15:30** op die **O.R. Tambo-lughawe** in **Johannesburg**, van waar ons om **19:35** met Vlug **LH 573** (Lufthansa) na **Frankfurt** vertrek.

Do 19 FRANKFURT – ZÜRICH – HINTERZARTEN

Ons land om **05:15** in **Frankfurt** en vertrek om **08:55** met vlug **LX 1069** na **Zürich,** waar ons om **09:55** aankom. Daarvandaan vertrek ons per bus na die **Swartwoud** in Duitsland, met sy indrukwekkende valleie, dale, digbeboste berge, interessante dorpies en tipiese plaashuise.

Die Swartwoud se naam is te danke aan die kontras van wit sneeu op die donker dennebome en bied 'n onvergeetlike gesig. Indien die tyd dit toelaat, kan ons onderweg aanry by Stein am Rhein, 'n bekoorlike Switserse dorpie.

Ons reis voort tot in **Hinterzarten,** waar ons vir die volgende drie nagte in die hartjie van die Swartwoud tuisgaan. Dit is 'n gewilde dorpie waar die mooi omgewing en verskillende sport-aktiwiteite dwarsdeur die jaar hand aan hand tot sy bekoring bydra. Die Swartwoud is die geboorteplek van ski-sport in Duitsland en Hinterzarten spog met reg oor Georg Thoma wat as boorling, die eerste goue medalje as nie-Skandinawiër in ski-sprong gewen het. Hier is dan ook heel gepas 'n skispringbaan en 'n skimuseum.

Vr 20 HINTERZARTEN – TRIBERG – TITISEE

Ons vertrek vanoggend ná ontbyt op 'n mooi roete om iets meer van die Swartwoud te sien.

Aangesien dit in die middel van die winter is, durf ons die koue buitelug aan gewapen met jasse, serpe, musse en handskoene.

Ons stop in **Triberg** waar koekoek-horlosies en ander aandenkings te kies en te keur is! Ons kry ook geleentheid om die waterval daar te besoek. Dit is 'n buitelug-ervaring en lekker glyvaste stapskoene en warm klere is noodsaaklik hiervoor.

Ons kom vroegmiddag aan in **Titisee** om hierdie dorpie se onvergeetlike Kersatmosfeer en Duitse gasvryheid te beleef! Indien u nog nie vandag Swartwoudkoek, oftewel *Schwarzwälder Kirschtorte*, geproe het nie, is dit nou die ideale geleentheid. Hier is talle winkels en restaurante, maar ook geleentheid om langs die meer te gaan stap indien die weer dit toelaat. Ons ontvang 'n hotelkaart van die hotel in Hinterzarten wat ons gratis vervoer op die trein en busse tussen Titisee en Hinterzarten gee.

Sa 21 HINTERZARTEN – ALSACE

'n Opwindende hoogtepunt vandag is 'n besoek aan die Franse platteland. Ons besoek van die mooiste dorpies in die wynstreek Alsace (Elsas in Afrikaans).

Die area is bekend vir tipiese vakwerkhuisies wat sterk aan sy Germaanse wortels herinner. Die gemoedelikheid van die Duitsers gemeng met die *flair* van die Franse, verleen 'n unieke karakter aan hierdie streek. Wynbou is die belangrikste landboukundige aktiwiteit en u sal kans kry om Franse Glühwein (of *Vin chaud)* te proe saam met een van hul ander streek-spesialiteite. Daar is niks beter om die koue te verdryf nie.

So 22 TITISEE – BEATENBERG

Vanoggend vertrek ons na Beatenberg – die prentjiemooi Switserse dorpie teen die berghang bokant Interlaken. Ons luister na Duitse en ander Kersmusiek en -verhale terwyl ons die ongeveer 250 km aflê. Die roete gaan oor **Luzern**, een van Switserland se mooiste stede. Wanneer ons die groenblou Brienzmeer en later die Thunmeer sien, weet ons ons het ons idilliese tuiste vir die

volgende vyf dae bereik – die Blüemlisalphotel in Beatenberg, bo in die Alpe. Dit is in die hartjie van die Bernese Hoogland, slegs 10 km van Interlaken af, geleë.

Ma 23 – Do 26 BEATENBERG EN OMGEWING

Wanneer 'n mens by jou hotelkamer teen die berghang uitkyk, sien jy die pragtige Thunmeer en verder weg die Alpe-reuse Eiger, Mönch en Jungfrau onder 'n sneeukombers. Dit is 'n prentjie wat jy altyd sal koester.

Dit is moontlik om oor die volgende aantal dae verskeie opsionele uitstappies vanaf Beatenberg te onderneem. U ontvang elkeen 'n "halfpryspas" waarmee u op enige trein, rattrein, bus, kabelkar, boot of openbare vervoer teen halfprys kan reis. Die toerleier sal die moontlike uitstappies vir u uitwys na gelang van die weer en u eie voorkeure. Die bus wat uurliks vanaf Beatenberg na Interlaken loop, is gratis. 'n Mens kan selfs vir die volle duur van jou verblyf in Beatenberg, net die luukse van die hotel en asemrowende omgewing ook geniet.

Ons geniet 'n spesiale aandete, kuier daarna saam en vier op eg SuidAfrikaanse wyse 'n tradisionele Oukersaand.

Op Kersdag gaan ons letterlik en figuurlik die hoogtepunt van ons toer bereik, deur 'n besoek aan die Jungfraujoch, die hoogste stasie in Switserland. Die Jungfrau en die Aletsch-gletser waarop 'n mens kan uitkyk, is een van UNESCO se Wêrelderfenis-juwele.

Dit kan ook wees dat ons die besoek aan die Jungfrau aanpas volgens die weer.

Ons bring hierdie besondere tyd as 'n nuwe groep vriende in die Switserse Alpe deur waar ons in dié asemrowende omgewing 'n wit Kersgety vier!

Vr 27 BEATENBERG – ZÜRICH – FRANKFURT – JOHANNESBURG

Ná 'n heerlike laat ontbyt, groet ons die personeel van Blüemlisalp en vertrek per bus na die lughawe. Ons roete gaan moontlik oor **Bern**, die hoofstad van Switserland.

Vlug LH 1197 vertrek om **18:00** vanaf **Zürich** na **Frankfurt**, waar ons om **19:00** land. Ons haal **Vlug LH 572** om **22:00** na Johannesburg.

Sa 28 JOHANNESBURG

Ons land om **09:35** in **Johannesburg** ná 'n wonderlike Kerstoer en met hartsprentjies wat ons altyd sal bybly.

LW: *Weens omstandighede buite ons beheer kan dit gebeur dat die toerprogram aangepas moet word.*